3. Die konteks en agtergrond van die Nasionale Party se segregasiebeleid: polities en onderwyskundig

3.1 Inleiding

Alvorens die opvoedkundige invloed van die segregasiebeleid op onderwys vir swart mense bestudeer kan word, moet die ontwikkeling van die beleid op politieke en onderwyskundige gebiede nagegaan word. Harman (1979:178-179) wys daarop dat die ontwikkeling van die rasseverhoudinge in Suid-Afrika in vier stadia verdeel kan word. Aanvanklik is die skeiding tussen wit en swart gedoen op grond van geloof en ongeloof. Blankes is beskou as die Christene en swart mense as die heidene. Die siening het gaandeweg aan die skeiding 'n rasgeoriënteerde inslag gegee.

Die tweede stadium het die sogenaamde horisontale apartheid op die voorgrond gebring. Die blanke baas was "bo die lyn" en die swart kneg "onder". Hierdie stadium het skeiding op grond van ras beklemtoon. Dr. Verwoerd het die derde stadium ingelei deur volk naas volk te stel. Vertikale apartheid het deel van die skeidingbeginsel geword. Die vierde stadium behels slegs 'n verfyning van die derde stadium deurdat dit klem le op goeie kontakte en verhoudinge tussen verskillende volke en veral die behoud van die eie volksidentiteit (Harman, 1979:179).

Die vier stadia is egter nie telkens finaal beeindig nie; dit het maar so deurmekaar bly voortbestaan. Omdat oorblyfsels van verskillende stadia nog deurmekaar voorkom, lei dit tot verwarring.

3.2 Die periode 1652-1806

Die Nasionale Party se segregasiebeleid het 'n lang historiese verloop. Scheepers Strijdom (1967:24) is van oordeel dat die rasse oor die algemeen nie in die Suid-Afrikaanse geskiedenis op sosiale gebied gemeng het nie. "They worked together, worshipped together, lived apart an were buried apart." Hy wys verder daarop dat segregasie te alle tye die aanvaarbare kode was, alhoewel daar in die eerste 300 jaar byna geen wetgewing was om die apartheidsgedagte statutêr te beliggaam nie.

Die segregasie-idee het reeds in die vroeë vestigingsjare van Suid-Afrika na die onderwys deurgewerk. So is daar byvoorbeeld in 1658 'n skool net vir slawe opgerig (Giliomee en Elphick, 1982:127). In die praktyk het rassesegregasie egter nie gevestig geraak nie, want die slaweskool het vir alle rasse voorsiening gemaak (Atkinson, 1978:17). Molteno (1984:46) verwys na 'n tweede skool wat in 1663 hoofsaaklik vir die koloniste se kinders gestig is. Die verskil tussen die slawe met hul heidense "barbaarsheid" aan die een kant en die meer beskaafde kinders van die koloniste en amptenare aan die ander kant, het waarskynlik stemme laat opgaan vir aparte onderwys (Truter, 1981:211). Daar kan dus hier met Harman (1979:178) akkoord gegaan word ten opsigte van sy siening dat skeiding aanvanklik op grond van geloof en ongeloof gedoen is. Die eerste gedagtes van onderwyssegregasie het in 1676 van die kerk se kant gekom (Molteno, 1984:46).

Volgens Truter (1981:212) was die stigting van 'n tweede slaweskool in 1685 onder leiding van kommisaris Hendrik Adriaan van Rheede 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van 'n skoolapartheidsgeskiedenis. Van Rheede het uitdruklik bepaal dat geen slawekind die openbare skool mag besoek nie en dat geen blanke kind die slaweskool mag besoek nie (Engelbrecht, 1959:150). Die openbare skool was dus net vir die blanke kinders bedoel (Muller, 1980:43). Alhoewel die skeiding op grond van geloof en ongeloof gedoen is, is die blankes gesien as gelowige Christene en die swartes as heidene: die segregasie het dus reeds 'n rassekonnotasie gehad. Dit is waarskynlik die rede waarom Truter (1981:215) waarsku dat dit in gedagte gehou moet word dat rasseskeiding gedurende die Kompanjieperiode (1652-1795) nie konsekwent toegepas is nie.

Gedurende die kortstondige Bataafse bewind (1803-1806) is daar weinig aandag aan die onderwys vir slawe gegee (Truter, 1981:214).Gedurende die periode 1652 tot 1806 het rassesegregasie dus wel op onderwysgebied voorgekom, maar die skeiding het hoofsaaklik op grond van geloof en ongeloof geskied.

Territoriale skeiding, as onbetwisbare element van apartheid, het reeds in 1780 sy verskyning gemaak nadat Joachim van Plettenberg die Gamtoosrivier in 1771 as die oosgrens van die Kaapkolonie verklaar het. Die grensreeling is in 1780 deur 'n resolusie van die Politieke Raad neergelê en daarmee is daar vir die eerste keer in ons geskiedenis 'n uitdruklike beleid van gebiedskeiding neergelê (Anon., 1971:12-13).

Volgens die Tomlinson-kommissie (1955:5) het die Kompanjie ook 'n beleid van "afsondering, geen inmenging en geen omgang" ten opsigte van die Xhosas gevolg en in 1778 die Visrivier as definitiewe skeidslyn tussen blank en Xhosa verklaar. Die beleid van gebiedskeiding is op rassegrondslag toegepas, want die Xhosa-volk kan in die spesifieke geval as verteenwoordigend van die swart mense gesien word.

Die Bataafse Bewind was vasberade om die Visrivier as 'n grensskeiding te handhaaf en om "die bantoe in hul eie gebiede deur middel van sekere beskawingsmetodes voor te lig en te help om in 'n eie bestaan te voorsien" (Anon., 1971:14). Die idee van aparte lokasies vir inboorlingstamme het vroeg in die negentiende eeu in die Kaapkolonie ontstaan toe Bethelsdorp in 1803 gereserveer is vir Hottentotte (Olivier, 1952:92). Hier word dus volkereskeiding gevind, want volgens die HAT (1988:66) verwys "inboorlingstamme" na die swart volke.

3.3 Die periode 1806-1910 in die Kaapkolonie

Terminologiese verwarring kom weer eens in die historiese beskrywing van hierdie tydperk voor. (Die term "bevolking" verwys in paragraaf 3.3 na die inwoners van Suid-Afrika. Die bevolking omsluit dus die rasse sowel as die onderskeie volke). Die ontwikkeling van 'n eie Afrikaner-identiteit het die apartheidsgedagte nog verder gestimuleer (Steyn, Van der Walt, Dekker en Steyn, 1986:68). In sy stryd om behoud van sy identiteit het die Afrikanervolk nie net teenoor die Britse volk te staan gekom nie, maar ook teenoor al die swart volke; dus

teenoor die swart mense as 'n ras. Dit wil voorkom asof dit die rede is waarom baie outeurs praat van rassesegregasie en dan verwys na skeiding tussen die Afrikanervolk en die swart ras.

Volgens Girvin (1987:3) was daar al teen 1807 duidelike segregasie. Hottentotte kon van 1808 af nie meer vrylik rondbeweeg nie; hul moes eers passe by die landdros kry (Girvin, 1987:3).

Segregasie, alhoewel ongestruktureerd, was ten opsigte van onderwysaangeleenthede ook reeds teenwoordig. Die Britse regering wou na 1806 die onderwys gebruik om sy politieke doelstelling, naamlik om die Kaap te verengels en die verskillende rasse te assimileer, te verwesenlik (Welsh, 1972:35). Die Afrikanervolk sowel as die swart mense moes verengels word, en die gevolg sou totale rasse-assimilasie wees. Met Engels as enigste erkende taal, moes die onderwys dien as hulpmiddel in die samestelling van die uiteenlopende bevolkingselemente tot gemeenskaplike trou en onderdanigheid aan die Britse kroon en liberalisties-imperialistiese beginsels (Engelbrecht, 1959:225). Bevolkingselemente verwys hier na alle inwoners van Suid-Afrika, hetsy blank of nie-blank (Readers's Digest, 1988:70).

Die verengelsingsbeleid het die Hollands-Afrikaanse koloniste laat besef dat die onderwys doelbewus gebruik word om hul eie besonderse volksaard te ondermyn en hulle het privaatskole begin stig (Coetzee, 1963:291). Hierdie besef van die Afrikanerdom sou later die segregasiebeleid en die stryd om behoud van die

eie kultuur en tradisies in die hand werk (Truter, 1981:217). Geloofsverskille tussen Christen en nie-Christen/heidene is deur die Afrikaner oorgeplaas na die terrein van verskille tussen blank en swart en daarom was rasvermengde skole vir die Afrikaner onaanvaarbaar. Die Afrikaner se godsdienstige oortuigings was dus medebepalend in sy weerstand teen rasvermengde skole (Truter, 1981:21).. Alhoewel daar nie aparte staatskole vir elke bevolkingsgroep was nie, is die onderskeie posisies van slawe en koloniste, volgens Molteno (1984:49), in hul verskillende "schooling" weerspieël.

Die idee dat swart mense opgelei en onderrig moes word om hul eie onderskeie gemeenskappe te dien, kom later ook in die Nasionale party se segregasiebeleid voor (Scholtz, 1960:19). Die idee het egter reeds in 1854 voorgekom deurdat bepaal is dat opgeleide swart mense moes optree as tolke, evangeliste en skoolmeesters onder hulle eie mense (Van Dyk, 1967:13-14).

Rasvermengde skole het begin verminder omdat die Afrikanervolk deur middel van sy persmedia, naamlike Di Patriot en De Zuid-Afrikaan sowel as in die Parlement en ook by monde van die Afrikaanse kerke, te velde getrek het teen rasvermengde skoolopvoeding (Engelbrecht, 1959:203). Soos reeds verduidelik, wou die Britse Regering die Afrikanervolk met die Britse volk assimileer en verengels, maar ook die swart mense moes met die verengelste blanke ras geassimileer word. Die Kaapse Regering moes noodgedwonge van sy onderwysbeleid van rasse-integrasie afstand begin doen. Truter (1981:218) verduidelik hoe die superintendent-generaal van onderwys, Langham Dale, deur middel

van die 1865-onderwyswet die integrasie teengewerk en die skeidingsproses tussen die blankes en swart mense gestimuleer het. Na aanleiding van die wet het staatskole oorgeskakel na staatsondersteunde skole en sodoende het plaaslike beheer en inspraak toegeneem. Hoe meer plaaslike beheer daar in skole gekom het, hoe sterker is aangedring op algehele rasseskeiding in skole (Truter, 1981:218).

Volgens Shingler (1973:55-56) het Dale byna 20 jaar voor Uniewording al segregasie tussen blankes en swartes bepleit. Dale was ook van mening dat hoër onderwys die swart mense net in versoeking lei om in die blanke gemeenskap opgeneem te wil word. Volgens Molteno (1984:56) was Dale ook van mening dat daar net genoeg swart onderwysers opgelei moes word om in die behoefte van die skole in swart gebiede te voorsien.

Die beleid van algehele apartheid ten opsigte van skole het in 1893 'n belangrike stap vorentoe geneem toe dr. Thomas Muïr uitvoering gegee het aan Dale se aanbeveling dat spesiale skole vir die armer blanke geskep moes word (Truter, 1981:218). Op daardie stadium moes die gesubsidieerde sendingskole voorsiening maak vir die armer blankes, Kleurlinge, vrygestelde slawe en swartes (Van der Mescht, 1965:9). Die idee van beskerming van die armer blanke deur die Regering het dus reeds hier op die voorgrond getree.

Die segregasiegedagte op onderwysgebied is langsamerhand aanvaar weens die toenemende druk van die Hollands-Afrikaanse koloniste en is nie geïnisieer deur 'n politieke beleidsverandering nie (Truter, 1981:219).

Die Kaapse Skoolraadwet van 1903 het ten doel gehad om afsonderlike openbare skole vir blank en nie-blank te voorsien (Truter, 1981:218). Die appelhof het in 1911 hierdie beginsel in die wetgewing gehandhaaf en daarmee het apartheid ten opsigte van skole in die Kaap 'n voldonge feit geword (Truter, 1981:218). Welsh (1973:321) beklemtoon dat die Britse Regering tussen 1905 en 1908 sy beleid van assimilasie laat vaar het en in die rigting van 'n beleid van rassesegregasie beweeg het.

'n Verkose komitee is in 1908 in die Kaap aangestel. Die komitee het voorgestel dat "African pupils' language, their home conditions, their social and mental environment, their hereditary, tribal or racial instincts and their future position and work in the country" in ag geneem moes word by onderwysvoorsiening (Molteno, 1984:65). Die latere segregasiebeleid van die Nasionale Party het ook die eie volksaard en tradisies van die swart volke probeer beskerm en behou en onderwyssegregasie het 'n baie groot rol vervul om die doelwit te bereik (Scholtz, 1960:19).

Gedurende die periode 1806-1910 het regeringsbeleid in die Kaap gekonsentreer op rasse-integrasie. Blankes en swartes moes verengels en tot 'n groot, onderdanige groep geïntegreer word. Onder druk van die Hollands-Afrikaanse koloniste is die regeringsbeleid mettertyd na 'n beleid van rassesegregasie gewysig. 'n Nuwe element, naamlik die erkenning van die volk, kultuur en tradisies in onderwysvoorsiening, het ook sy verskyning gemaak.

Hierdie nuwe tendens van rassesegregasie was veral duidelik ten opsigte van stemreg. Alhoewel nie-blankes stemreg in die Kaapkolonie gehad het, is daar op 'n indirekte wyse deur middel van bepalings en manipulasie 'n lyn getrek tussen blank en nie-blank (Engelbrecht, 1959:99). So is daar byvoorbeeld in 1853 bepaal dat alle meerderjarige manspersone in die Kaapkolonie wat:

* Britse onderdane was en
* eiendom ter waarde van 25 pond vir ten minste 12 maande bewoon het of,
* minstens 50 pond per jaar verdien het, stemreg het.

Die oorgrote meerderheid swart mense het dus nie vir stemreg gekwalifiseer nie.

Alfred Milner was nie van plan om die swarte op gelyke voet met die blanke te plaas nie. Dit is duidelik af te lei uit sy aandrang in 1903 dat die blanke moet heers omdat die blanke meer ontwikkeld is as die swarte en omdat die blankes in die minderheid is (Engelbrecht, 1959:275). Die Nasionale Party sou later deur middel van sy segregasiebeleid die toekoms en voortbestaan van die blankes probeer verseker (Scholtz, 1960:13).

In 1847 is vaste lokasies toegeken toe Sir Harry Smith die gebied tussen die Keiskamma en die Kei geannekseer het en as reservaat vir "Naturelle" daargestel het. Die reservaat het bekend gestaan as Brits-Kaffrarië (Olivier, 1952:92). Die nuutaangestelde Hoof-bantoekommissaris moes reservate afbaken en

aan die onderskeie stamhoofde binne Brits-Kaffrarië gee. Dit was dus nie slegs 'n geval van rassesegregasie nie, maar ook van volkereskeiding. Hierdie beginsel van gebiedskeiding het sy finale beslag onder die Nasionale Party se segregasiebeleid gevind in die vorm van nasionale tuislande.

Dit is duidelik dat heelparty van die beginsels van die Nasionale Party se segregasiebeleid reeds in die periode 1806 tot 1910 in die Kaapkolonie teenwoordig was.

3.4 Die periode 1838-1910 in Natal

Segregasie het gedurende die periode 1838 tot 1910 ook in Natal beslag gekry. As gevolg van die Groot Trek (1838) is Suid-Afrika verdeel in twee Britse kolonies, naamlik die Kaapkolonie en Natal; en twee Boererepublieke, naamlik Transvaal en die Vrystaat. In Natal, die Vrystaat en Transvaal is 'n afsonderingsbeleid gevolg deurdat 'n grens tussen blank en swart vasgelê is; dus rasseskeiding (Tomlinson, 1955:6). In Natal word die swartes hoofsaaklik deur die Zoeloes verteenwoordig. Die Voortrekker het op hul beurt meestal bestaan uit Afrikaanssprekende grensboere (Muller, 1980:151). Skeiding tussen die Voortrekkers en Zoeloes was dus in wese volkereskeiding.

Nadat die Zoeloemag in 1840 verslaan is en Mpande opperhoof geword het, het die Voortrekkers 'n beleid van geen inmenging in die Zoeloe-stamorganisasie en van strenge territoriale skeiding gevolg (Tomlinson, 1955:6). Nadat Dingane se mag vernietig is, het baie ander swart mense uit hul skuilplekke gekom. Hierdie

swart mense is hoofsaaklik in lokasies geplaas en die stameenhede en etniese verband is in ag geneem (Van Jaarsveld, 1982:144). Die beginsels van territoriale skeiding op grond van volksidentiteit was dus reeds in Natal aanwesig en het deurgewerk tot in die Nasionale Party se segregasiebeleid. Dit is duidelik sigbaar in die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur (46/1959) wat voorsiening gemaak het vir die erkenning van agt Bantoevolkseenhede (Muller, 1980:501). Die gebiedsafbakening wat in 1839 deur die Voortrekkers in Natal begin is, is deur die Britse Regering vanaf 1843 voortgesit (Hansard (V) 1963, kol.2363). Na die anneksasie van Natal in 1843 het die Britse Regering vir die eerste keer te kampe gekry met die probleem van duisende Zoeloes wat beheer en geadministreer moes word. Die Regering het besef dat die beleid van integrasie wat in die Kaap gevolg is, nie in Natal sou werk nie en 'n beleid van territoriale segregasie is aanvaar (Labuschagne, 1987:30).

Dit was veral sir Theophilus Shepstone wat vanaf 1845 tot ongeveer 1875 sinoniem met die naturellebeleid in Natal geword het (Welsh, 1973:201). Shepstone het veral klem gelê behoud en bevordering van die tradisionele stamstelsel en die gesag van die hoofman (Welsh, 1973:209). Die afbakening van grondgebied vir swart volke wat een van die beginsels van die Nasionale Party se segregasiebeleid is, het dus reeds onder leiding van Shepstone in Natal bestaan (Olivier, 1952:24). Shepstone se beleid was ook daarop gegrond om die ontwikkeling van selfbestuur in die lokasies te bevorder (Hansard (V) 1963, kol.2366).

Die Shepstone-tradisie is voortgedra deur Theophilus se broer, John, wat die Sekretaris van Naturellesake was vanaf 1876 tot Januarie 1884 en daarna deur Theophilus se seun, Henrique, wat Sekretaris van Naturellesake was vanaf 1884 tot 1893 (Welsh, 1973:225).

"Segregationists have advocated that Africans develop along their own lines, with a heavy emphasis on perpetuating traditionalism." (Welsh, 1973:233.) Rasseskeiding is in Natal verder verfyn in die sin dat die swart mense ook op grond van hul volke verder verdeel is. Volkereskeiding, die erkenning van 'n volk se kultuur en tradisies, is dus 'n onderafdeling van rassesegregasie. Welsh (1972:39) wys daarop dat hierdie groep segregasioniste wat in Natal ontstaan het se invloed op die Naturellebeleid na Uniewording merkwaardig groot was.

Volgens Van der Mescht (1965:7) het die beleid om stamtradisies en organisasie te behou 'n diepgaande invloed op die onderwys van die swartes in Natal uitgeoefen. In Natal, waar dit dus die beleid was om die stamorganisasie van die swart mense te behou, is afsonderlike skole vir blanke en swart mense gestig sodat die swart kinders op grond van hul stamverbande verder ingedeel kon word (Van der Merwe, 1970:72).

Nadat Natal in 1848 'n afsonderlike Britse kolonie geword het, is grondgebied aan sendinggenootskappe toegeken met die doel dat dit in trust gehou moes word vir die swart mense om sendingskole daar op te rig. Onderwys vir swart mense was dus gedeeltelik 'n afsonderlike onderneming (Truter, 1981:220).

In 1863 is John William Colenso verhoor omdat hy geweier het om sy gemeentelede op grond van ras te skei en omdat hy die Bybel in 'n swart taal, naamlik Zoeloe, vertaal het. Openlike rassesegregasie het dus toenemend voorgekom (Dube, 1985:91).

In 1875 is by wyse van 'n proklamasie bevestig dat alle staats en staatsondersteunde skole toeganklik is vir swartes wat 'n Europese leefwyse aangeneem het (Truter, 1981:221). Hierdie toegewing kan egter net as 'n rookskerm waaragter segregasie verskuil is, beskou word, want byna alle swart mense het nog hul tradisionele leefwyse gehandhaaf (Dube, 1985:92).

Onderwys vir swart mense is in 1884 die verantwoordelikheid van die Raad van Onderwys gemaak en onder aparte amptenare geplaas (Molteno, 1984:58). In 1887 het hierdie Raad van Onderwys besluit dat die toelating van swart mense tot twee Durbanse skole geweier moes word (Truter, 1981:221).

In 1894 is die Raad van Onderwys vervang deur die sub-departement van Naturelle-onderwys (Molteno, 1984:58). Toelating van swart mense tot staatskole is al moeiliker gemaak toe daar in 1895 bepaal is dat swart mense slegs tot staatskole toegelaat kan word nadat hulle die kursusse in hul eie skole deurloop het. Die swart mense is dus geleidelik van owerheidskant uit staatskole geweer (Truter, 1981:221).
In 1904 is daar in die Kaap en Natal wette uitgevaardig wat verpligte onderwys vir alle blanke kinders tussen die ouderdomme van sewe en sestien jaar ingestel het. Hierdie wette is nie uitgebrei om van toepassing te wees op swart kinders nie (Dube, 1985:93).

Teen 1909 was segregasie ten opsigte van onderwys in Natal 'n voldonge feit (Engelbrecht, 1959:278). Truter (1981:221) bevestig dat die beginsel van segregasie ten opsigte van skoolopvoeding teen Uniewording reeds in Natal vasgele was.

Dube (1985:91) voer veral twee redes aan waarom rassisme teen 1892 deel van die onderwysstelsel in Natal was, naamlik die blanke vrees vir oorheersing, en die beskerming van werksgeleenthede vir die blankes. Na Uniewording sou die Regering die oplossing vir die armblanke-vraagstuk in segregasie soek (Shingler, 1973:63). Die beskerming van werksgeleenthede vir blankes het dus nie eers met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 ontstaan nie.

Spore van die latere segregasiebeleid van die Nasionale Party was dus reeds in die periode 1838 tot 1910 in Natal teenwoordig.

3.5 Die periode 1850-1910 in Transvaal en die Oranje-Vrystaat

Die regerings van die Zuid-Afrikaanche Republiek sowel as die Republiek van die Oranje-Vrystaat was gekant teen rasvermengde skole en het slegs voorsiening gemaak vir onderwys vir blankes. Onderwys vir swart mense is in die hande van sendinggenootskappe gelaat (Girvin, 1987:3). In die grondwet van albei republieke is 'n duidelike skeiding tussen blank en swart bepaal (Truter, 1981:222).

Transvaal is in 1877 as 'n Britse kolonie geannekseer. Alhoewel die anneksasie net tot 1881 geduur het, het dit 'n baie sterk anti-Britse gevoel by die Afrikaners gewek (Behr, 1978:12). S.J. du Toit het die eerste Afrikaanse koerant, Die Afrikaanse

Patriot, in 1870 in die lewe geroep. Hierdie koerant het die groeiende Afrikanernasionalisme gestimuleer (Shingler, 1973:91).

Na die teruggawe van die Transvaalse Republiek in 1881 het die driemanskap (Kruger, Joubert en Pretorius) S.J. du Toit as Superintendent van onderwys aangestel. S.J. du Toit het deur middel van Wet 1 van 1882 'n onderwysstelsel in die lewe geroep wat klem gelê het op volksaard en volkstradisie (Stals, 1978:123). S.J. du Toit was 'n stigterslid van die Afrikaner Bond. Die Afrikaner Bond was 'n "...militant political and cultural organization aimed at furthering the cause of the newly developing Afrikaner nation" (Behr, 1978:12-13). S.J. du Toit was ook 'n vegter vir Christelik-nasionale onderwys. Volgens die CNO-beleid is dit die skool se plig om die volkseie uit te bou (Van Zyl, 1972:122).

Dit is verstaanbaar dat die CNO-gedagte 'n invloed sou hê op die formulering van die bantoe-onderwysbeleid deur die Afrikaner-nasionalis (Van Zyl, 1972:121). Shingler (1973:278) le 'n duidelike verband tussen die beleid van Christelik-Nasionale onderwys en segregasie: "In terms of the Christian-National theory of separate development, education should be in the mother tongue and its goal should be the preservation of the cultural identity of the African people."

Terminologiese verwarring tree hier weer op die voorgrond. 'n Nasie word as 'n sinoniem vir 'n kultuureenheid of 'n volk

gebruik. Volgens Reader's Digest (1988:603) kan die twee begrippe wel as sinonieme gebruik word. Verder word die skeiding tussen die Afrikanervolk en swart mense as rassesegregasie beskryf. Al verklaring daarvoor is dat die Afrikanervolk as verteenwoordiger van die blankes van Suid-Afrika gesien word. Die Instituut vir CNO het verklaar dat dit die taak en roeping van die blanke is om swart mense tot die Christelike geloof te lei en kultureel te ontwikkel op grond van die beginsels van voogdyskap, geen gelykheid en segregasie (Van Zyl, 1972:122-123).

President Reitz het die Oranje-Vrystaat se beleid in 1891 weer beklemtoon en gesê dat daar geen gelykstelling tussen inboorlinge en mense van Europese afkoms kan wees nie (Welsh, 1972:37). Rassesegregasie was dus 'n besliste element van die beleid. In 1893 verleen die Regering toestemming aan 'n Engelse kerk, wat nie rasseskeiding voorgestaan het nie, om 'n skool in Bloemfontein op te rig, maar bepaal uitdruklik dat slegs blanke leerlinge toegelaat mag word (Engelbrecht, 1959:253).

Daar het gemengde privaatskole in Transvaal ontstaan met die toestroming van uitlanders na die ontdekking van goud (Engelbrecht, 1959:260). Eksklusiewe Engelse privaatskole was egter nie rasgeintegreerd nie (Truter, 1981:222). Die Engelse het dus in die twee boererepublieke, net soos in die Kaapkolonie, gemengde skoolopvoeding beperk tot die armer klasse soos armblankes, Kleurlinge, swart mense en vrygestelde slawe.

Aan sy eie privaatskole is die swart kinders uitgesluit (Engebrecht, 1959:264).

Die organisasie "Vriendekring" het in 1901 ontstaan en hom beywer vir die bevordering vir Christelik-nasionale onderwys. "It was an education that wanted to go on the past, on the religion, the language, the history and the culture of the vanquished Boer nation" (Shingler, 1973:103.) Die begrip "Boer" word gedefinieer as Afrikaner (Reader's Digest, 1988:79). Hier word die skeiding van die Afrikaner en die swart mense weer eens geïllustreer. Die probleem van terminologiese verwarring waar segregasie tussen 'n volk met sy eie kultuur, en ras plaasvind, tree weer op die voorgrond.

Toe beide voormalige republieke in 1902 weer Britse kolonies geword het, het die Britse regering gelate die wydaanvaarde beginsel van skoolapartheid gehandhaaf (Truter, 1981:222). Volgens Engelbrecht (1959:278) was die blankes se houding ten gunste van skeiding so beslis en het hul die Britse veroweraar soveel probleme besorg dat pogings tot gesamentlike skoolopvoeding skipbreuk gely het.

Transvaalkolonie se eerste ordonnansie (7/1903) wat handel oor onderwys, het voorsiening gemaak vir die stigting, instandhouding en kontrole van staatskole vir kinders waarvoor nie in klousule 1(b) voorsiening gemaak is nie. Daar is dus duidelik skeiding gemaak tussen onderwys vir blankes en die vir swart mense (Van der Merwe, 1970:58 en 75).

Volgens Van der Merwe (1970:47) toon Sir Alfred Milner se mening dat die swartes geleer moet word om hul talente te ontwikkel en tot voordeel van hul eie gemeenskappe aan te wend, 'n merkwaardige ooreenkoms met latere regerings se beleid dat die swarte gehelp moet word om homself te help. Die verfyning van rassesegregasie tot volkeresegregasie kom dus weer voor.

Mnr. Fabian Ware (1904), die Direkteur van onderwys in Transvaal, was ook ten gunste van gedifferensieerde, aparte onderwys vir blankes en swart mense (Van der Merwe, 1970:47). Die leierselement ten opsigte van onderwys in Transvaal was dus sterk ten gunste van aparte onderwysgeriewe vir blank en swart.

Nadat die twee kolonies selfbestuur verkry het, is die beginsel van apartheid op onderwysgebied uit die aard van hul tradisie gehandhaaf (Truter, 1981:16). So byvoorbeeld het generaal Smuts se onderwyswet van 1907 bepaal dat geen anderskleurige toegang tot blanke skole sou hê nie (Coetzee, 1976:21). Artikel 28 van die Smutswet het voorsiening gemaak vir die oprigting en onderhouding van skole vir swart mense (Van der Mescht, 1965:11).

Die Transvaalse direkteur van onderwys het in 1910 verklaar dat deur aparte onderwysgeleenthede vir blanke en anderskleurige kinders te verskaf, die beginsel van sosiale segregasie toegepas word (Truter, 1981:222).

Volgens Labuschagne (1987:25) is die beginsels van rassesuiwerheid (blank teenoor nie-blank), nasionale en maatskaplike integriteit (Afrikanervolk teenoor swart

volke) konsekwent in Transvaal gehandhaaf en is die beginsels onlosmaaklik deel van die apartheidsbeleid.

Territoriale segregasie het ook in Transvaal en die Vrystaat voorgekom, maar nie op so 'n uitgebreide wyse soos in Natal en die Kaap nie. Daar is reeds in 1853 in Transvaal begin met die toekenning van grond aan stamme. Ook in die Vrystaat is Witsieshoek in 1867 aan die Mopeli- en Batlokostamme toegeken en in 1884 is Thaba Nchu vir die Barolong opsy gesit (Hansard (V) 1963, kol.2363).

3.6 Die periode 1910-1949

Dat daar reeds spore van segregasie voor 1910 bestaan het, is hierbo aangetoon en hierdie spore het nie met Uniewording doodgeloop nie. Die segregasiegedagtes het na 1910 stadig begin uitkristalliseer in 'n beleid (Welsh, 1972:40). Die fondamente waarop hierdie segregasiebeleid berus het, is reeds voor Uniewording gelê (Shingler, 1973:1). Die apartheidsbegrip het dus na Uniewording 'n breër beslag gekry (Engelbrecht, 1959:138). Nadat die Unie gevestig is, is segregasie op die wetboeke van al vier provinsies geplaas (Shingler, 1973:17).

Territoriale segregasie is eerstens op grond van ras gedoen; blankes en swart mense moes nie deurmekaar woon en ontwikkel nie. Tweedens het daar dikwels in die verlede ook verdere skeiding binne swart gebiede op grond van volkereverskeidenheid plaasgevind. Volgens Harman (1979:195) het die klem sedert 1910 veel eerder op rasseskeiding as volkereskeiding geval. Die

swart mense is as een groot geheel gesien en geadministreer. Hy is verder van mening dat die ontkenning van die swart mense se volkereverskeidenheid grootliks verantwoordelik was vir die mislukking van die skeidingsbeleid van generaals Botha, Smuts en Hertzog. Na 1948 het die klem verskuif van rasseskeiding na volkereskeiding (Harman, 1979:196).

Die basis van die segregasiebeleid in die periode na 1910 is in 1913 deur die Naturellen Grond-wet (27/1913) gelê (Welsh, 1972:40). Hierdie wet was die eerste wet waarin die beginsel van territoriale skeiding vervat is (Olivier, 1952:92). Die belangrikheid van hierdie wet as 'n riglyn vir toekomstige landsbeleid kan nie oorskat word nie (Molteno, 1960:12). Daar moet egter onthou word dat hierdie wet self ook net 'n voortsetting was van die toe reeds aanvaarde beleid van segregasie (Tomlinson, 1955:102).

Volgens Welsh (1972:40-41) het die swart lokasies hoofsaaklik twee funksies gehad, naamlik om te dien as opgaarplek van arbeiders en tweedens om die swartes van hul menseregte te ontneem. Dat daar wel ook 'n positiewe bedoeling met die wet was, blyk duidelik uit Scheepers Strijdom (1967:20) se siening: "The idea underlying this Act was to perpetuate such territorial segregation as was practised by custom and laid down by law in the four provinces before Union, and also to provide more land for the Bantu".

Op 7 Januarie 1914 is die Nasionale Party gestig met generaal Hertzog as leier (Lambrechts et al., 1986:174). Die Nasionale

Party sou sy segregasiebeleid tot amptelike regeringsbeleid uitbou. Die program van beginsels van die Nasionale Party soos gepubliseer in Het Volk (15 Januarie 1914) maak onder andere voorsiening vir beleidbeginsels ten opsigte van swart mense.

"Daar bij ons optreden tegenover de naturellen als grondregel te stellen de overheersing der Europese bevolking in een geest van Christelike voogdijschap met strenge wraking van elke poging tot menging der rassen." (Van Jaarsveld, 1980:208).

Hertzog het hom reeds voordat hy Eerste Minister geword het sterk ten gunste van segregasie uitgespreek. Sy segregasie-gedagtes sluit ten eerste die ontwikkeling langs eie weë vir swart mense in (Kruger, 1960:361). Hertzog het beklemtoon dat segregasie al oplossing is en dat dit as 'n beleid baie gou geimplimenteer moes word anders sal die dooie gewig van 'n laer beskawing die blanke kinders aftrek tot op hul ontwikkelingsvlak (Scholtz, 1970:12).

Hertzog het ook beklemtoon dat blankes verbied sal word om grond in swart gebiede te besit en dat die enigste blankes wat in die gebiede toegelaat sal word, die blankes sou wees wat op versoek van die swart mense self daar moes wees (Scholtz, 1970:12). In 1913 het Hertzog nog 'n apartheidsbeginsel bevestig waardeur veral die blanke werker beskerm moes word (Shingler, 1973:19). Hierdie beginsels is deur Hertzog se opvolger, dr. D.F. Malan, verder uitgedra (Lintveld et al., 1986:271).

Omdat die Naturellen Grond-wet (27/1913) nie van toepassing was op stedelike gebiede nie, het al meer swart mense na stede gevlug. Dit het weer gelei tot nuwe probleme en tot die Wet op Naturelle in Stedelike Gebiede (21/1923) (Lintvelt et al., 1986:271). Basies het die wet net plaaslike owerhede die reg gegee om afsonderlike dorpe vir swartes te voorsien (Molteno, 1960:13). Hierdie wet het dus voorsiening gemaak vir territoriale skeiding sowel as vir instromingsbeheer na stedelike gebiede. Dit het ook die grondslag gelê waarvolgens die swart mense gesien is as "besoekers" aan blanke stedelike gebiede (Kenney, 1979:83-84). Hierdie siening dat stedelike swart mense slegs besoekers aan blanke gebiede is, was nie nuut nie. "It was simply the old Stallard Government Commission of 1922, which argued that blacks had no business in towns except to cater for white needs." (Kenney, 1979:124).

Die stede was die hoofarena van rassekonflik en segregasie het 'n meer konkrete vorm begin aanneem met die Wet op Naturelle in Stedelike Gebiede (21/1923) (Welsh, 1972:41). Volgens Molteno (1960:14) kan die Naturellen Grond-wet (27/1913) en die Wet op Naturelle in Stedelike Gebiede (21/1923) as die hoekstene van die Unie se naturellebeleid gesien word. Die belangrikste doelwit met die Wet op Naturelle in Stedelike Gebiede (21/1923) was om veelrassige residensiële gebiede wat in sommige stede ontwikkel het, uit te skakel (Kenney, 1979:125).

In die vroeë jare van die Unie het die onrus in die myne die gedagte van rasseskeiding ondersteun. Die meeste blanke

mynwerkers was ten gunste van die behoud van die kleurslagboom in die mynindustrie, want hulle het gevrees dat hulle hul werk sou verloor omdat goedkoper swart arbeiders gebruik sou word (Horrell, 1964:153). Blanke werkers het die swart werkers as hul kompetisie en 'n bedreiging vir hul elite-status gesien (Cross, 1986:25). In 1923 is die Wet op Myne en Bedrywe (12/1911) van die wetboek verwyder en die wetlike kleurskeidslyn het verdwyn (Horrell, 1964:153).

Die Nasionale Party het die beskerming van die blanke werker teen mededinging van die swart werker ten doel gehad. Die Wet op Myne en Bedrywe (12/1911) wat in 1923 ongeldig verklaar is, is in 1926 hersien en weer op die wetboek geplaas as die Wet op Myne en Bedrywe (25/1926) (Lambrechts et al., 1986:201). Die nuwe Wet op Myne en Bedrywe (25/1926) het voorsiening gemaak vir die uitreiking van bevoegdheidsertifikate vir spesifieke beroepe soos masjiniste, opmeters en diamantskieters. Hierdie sertifikate is net tot blankes en Kleurlinge beperk en swart mense kon nie sulke bevoegdheidsertifikate bekom nie (Muller, 1980:4242). Die wet het dus herbevestig dat 'n kleurskeidslyn in die industrie die werkers moes beskerm en dat swart werkers prakties van geskoolde arbeid uitgesluit sou word (Van Jaarsveld, 1982:411).

In 1924 is die Nywerheidsversoeningswet (11/1924) aangeneem. Dit het voorsiening gemaak vir die stigting van nywerheidsrade, maar dit het swart werkers uitgesluit want dit was vir "...all workers except "Pass-bearing" Africans and "contract" Indians" (Patel, 1987:165).

Afrikaner-nasionalisme het gedurende hierdie tyd 'n merkbare rasgeoriënteerdheid aangeneem as gevolg van die armblanke=vraagstuk. Armoede onder swart mense is aanvaar as 'n alledaagse verskynsel, maar blanke armoede was heeltemal onaanvaarbaar (Kenney, 1979:25). Volgens 'n mededeling van mnr. Boet Bothma (1989), 'n gewese Minister, het die apartheidsbeleid beslis voorsiening gemaak vir die opheffing van die armblanke.

In 1924 het die Nasionale Regering 'n beleid van "beskaafde arbeid" aanvaar (Kenney, 1979:28). Die beleid het behels dat geskoolde en ongeskoolde blanke werkers in die plek van swart werkers gebruik moes word al was dit teen 'n hoër loon. Die doel was om blankes in staat te stel om hul "beskaafde lewenswyse" te handhaaf (Van Jaarsveld, 1982:411).

"Onbeskaafde arbeid" het verwys na arbeid wat verrig is deur persone wie se doel beperk was tot die blote behoeftes van die lewe. Eers wanneer alle blankes aan werk gehelp is, kon onbeskaafde, swart werkers in diens geneem word. (Muller, 1980:423).

Die Loonwet (27/1925) was die eerste wet wat F.H.P. Cresswell in sy hoedanigheid as Minister van Arbeid op die wetboek geplaas het. Alhoewel die wet geen onderskeid op grond van kleur gemaak het nie, was dit duidelik dat die wet slegs ter beskerming van die ongeskoolde blanke werkers gemaak is (Muller, 1980:423). Die wet het voorsiening gemaak vir 'n Loonraad, wat die lone van sekere soorte werk moes neerlê.

Kritici van die regering is van mening dat die Loonraad op subtiele wyse slegs blanke werkers se belange bevorder het (Lambrechts et al., 1986:201).

Territoriale segregasie is weer eens in 1936 bevestig deur middel van die Naturelle Trust- en Grond-wet (18/1936) (Lambrechts et al., 1986:209). Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die totstandkoming van Naturellereservate en het 'n duidelike skeidslyn getrek tussen die eiendomsreg van die blankes en van die swart mense (Labucshagne, 1987:27).

Die Nasionale Party het in 1936 verklaar dat hy beslis teen die vermenging van blankes en swartes is, dat hy ten gunste van territoriale en politieke segregasie van die swart mense en van aparte politieke verteenwoordiging van Kleurlinge is. Op industriële gebied het die Nasionale Party hom ten gunste van segregasie tussen blankes en swartmense verklaar (Van Jaarsveld, 1980:236).

'n Tweede weg waarop Hertzog die vraagstuk van die verhouding tusen blank en swart wou oplos, was deur die beginsel dat swart mense nie gelyke politieke regte sou geniet waar hulle in blanke gebiede was nie (Van Jaarsveld, 1982:415). Hertzog het daarop aangedring dat daar eenvormigheid ten opsigte van die stemreg in die vier provinsies moet wees (Krüger, 1960:387). Hertzog het hom in Die Burger in Junie 1926 reeds uitgespreek teen die dwase stelsel in die Kaapprovinsie wat die "Naturel" saam met die blanke laat stem. Die swart kiesers in die Kaap is

in 1936 deur middel van die Naturelleverteenwoordigingswet (12/1936) op aparte kieserslyste geplaas (Lambrechts et al., 1986:209). Hierdie wet was in lyn met die segregasiebeleid wat Hertzog en die Nasionale Party gevolg het (Boulle, 1987:18). Muller (1980:445) bevestig bogenoemde stelling deur daarop te wys dat die grondslag wat deur die wet gelê is deur Malan, Strijdom, Verwoerd en Vorster uitgebou is.

Die aanslae teen Suid-Afrika se rassebeleid het veral na die Tweede Wêreldoorlog die nasionaal-gesinde Afrikaners hegter saamgesnoer. Die Afrikanervolk het geglo dat die Nasionale Party met sy beleid van apartheid die blankes se voortbestaan in Suid-Afrika sou verseker (Lintvelt et al., 1986:258).

Volgens Shingler (1973:150) het die beginsel van Christelik-nasionalisme die belangrikste intellektuele gronde vir die Nasionale Party se beleid en vir sy onderwyskundige dogma sowel as sy politieke program verskaf.

Hierdie band tussen nasionalisme en apartheid is bevestig toe die Nasionale Party onder dr. Malan aan bewind gekom het en 'n beleid van apartheid sistematies ingevoer is (McCrone, 1970:4). "Malan and his followers pressed forward with plans for Afrikaner supremacy, the segregation of White and Non-White communities." (Atkinson, 1978:218.) Volgens Rabali (1986:93) was dit beslis nie 'n reuse stap om vanaf die Afrikaner se Christelik-nasionale beginsel tot by die ideologie van apartheid te vorder nie.

In 1947, kort voor die 1948-verkiesing, het die Nasionale Party 'n pamflet uitgegee waarin sy beleid van apartheid uiteengesit is. Die volgende beginsels het die swart mense direk geraak:

* Die behoud en beveiliging van die blanke ras was die belangrikste beginsel. Die weg van gelykstelling en integrasie sou nasionale selfmoord vir die blanke ras beteken en daarom stel die Nasionale Party apartheid as sy alternatiewe keuse (Labuschagne, 1987:12).

* Die tweede beginsel was die skeiding van die belangrikste etniese groepe en sub-groepe in hul eie gebiede waar elke groep volgens sy eie tradisies, kultuur en moontlikhede kan ontwikkel.

* Huwelike oor die kleurskeidslyn heen is onaanvaarbaar. In 1949 is die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike tussen blank en nie-blank (55/1949) aanvaar (Engelbrecht, 1959:47).

* Deur middel van territoriale skeiding moet reservate geskep word wat vir die swarte sy eie nasionale tuiste sal bied. Die Nasionale Party het 'n eie grondgebied gesien as die beste waarborg teen politieke oorheersing van 'n ander groep. Hierdie beginsel is neergelê lank voordat dr. Verwoerd die tuislandkonsep ontwikkel het (Labuschagne, 1987:29).

* Die Nasionale Party sal die Europese karakter van die stede probeer behou; daarom is instromingsbeheer nodig. Die

swarte wat sy arbeid in die stede kom verkoop, moet as 'n "besoeker" gesien word (Labuschagne, 1987:29).

* Blanke werkers se posisie en werksgeleenthede sal beskerm word.

* 'n Nasionale stelsel van arbeidsbeheer sal ingestel word.

* Onderwys vir swart mense sal deur die Departement van Naturellesake beheer word en 'n Christelik-nasionale karakter hê.

* Swart mense sal verteenwoordiging hê in die Senaat deur middel van 'n Staande Komitee wat sal bestaan uit sewe blankes. Drie van die blankes sal deur die Regering benoem word en die ander vier sal deur die destydse Bantoeraad benoem word.

* Die Nasionale Party is ten gunste van 'n stelsel van plaaslike regering vir die swarte (Krüger, 1960:402-406).

* Alle administrasie rakende Naturellesake sou deur die Departement van Naturellesake beheer word (Van Jaarsveld, 1980:243).

Dr. D.F. Malan het 'n opsomming van die Nasionale Party se kleurbeleid aan die pers oorhandig en dit is op 30 Maart 1948 in Die Transvaler gepubliseer. Volgens Van Jaarsveld (1980:244) is die beleid soos volg uiteengesit: "Dit beoog die handhawing en beskerming van die blanke bevolking van ons land as 'n suiwer blanke ras, die handhawing en beskerming van die inheemse

rassegroepe as aparte volksgemeenskappe met die moontlikhede om in eie gebiede te ontwikkel tot selfversorgende volkseenhede..."

Nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, is die politieke stelsel gebruik om groepsverbondenheid te beklemtoon en om die apartheidsideologie te implementeer (INEG 5530, 16 Desember 1979:20).

Dr. Malan het in 1948 erken dat apartheid 'n negatiewe kant het, maar hy het beklemtoon dat apartheid niks van die swart mense wil wegneem nie; die beleid wil vir hulle juis die geleentheid bied om volgens hul eie nasionale karakter te ontwikkel (Krüger, 1960:416). Enige vorm van onderdrukking is as in stryd met die apartheidsbeleid beskou (Labuschagne, 1987:28). Apartheid het die welsyn van die onderskeie bevolkingsgroepe ten doel; dit het ten doel om 'n regverdige samelewingsbestel daar te stel (Labuschagne, 1987:18).

Dr. Malan het dus die apartheidsbeleid van die Nasionale Party, soos onder Hertzog gevestig, nog duideliker omlyn en dr. Verwoerd sou die beleid se voortbestaan verseker (Lintveld et al., 1986:271). Die Nasionale Party het veral weer nuwe klem gelê op kulturele segregasie (Welsh, 1972:46). Vir die Afrikaner-nasionalis is kulturele diversiteit God-gegewe en daarom moet dit eerbiedig word (Welsch, 1972:46). Dit sou in praktyk beteken dat die groepe op politieke, maatskaplike en ekonomiese terreine afsonderlik van mekaar moes ontwikkel (Albertyn, 1987:247).

Volgens Lintvelt et al. (1986:263) was die segregasiebeleid net 'n uitbouing van die apartheidsgedagtes wat deur die vorige regerings in Suid-Afrika toegepas is, maar met die verskil dat elke aspek daarvan in wetgewing vasgelê sou word. Dit is dus eers in 1948 dat apartheid deur die Nasionale Party tot amptelike beleid verorden is (Labuschagne, 1987:1). 1948-49 het dus die voorbereidingsfase vir die verdere ontwikkeling en uitbouing van die segregasiebeleid ingelei.

Dit is noodsaaklik dat hierdie periode se onderwysontwikkeling ten opsigte van swart mense bestudeer moet word aangesien dit die periode 1950-1984, waaroor hierdie navorsing spesifiek gaan, direk voorafgaan. Daar moet vasgestel word in hoe 'n mate die Nasionale Party se segregasiebeleid onderwys vir swart mense in hierdie periode reeds beïnvloed het, en in hoe 'n mate dit as fondament vir latere onderwyssegregasie gedien het.

Teen die einde van 1910 was aparte skoolgeboue vir blankes en swartes al 'n voldwonge feit (Engelbrecht, 1959:277). Teen Uniewording was rasseskeiding op skool reeds aanvaarde owerheidsreël en -praktyk (Shingler, 1973:65). Die praktyk van skeiding sou voortbestaan en later uitkristalliseer in die huidige amptelike, afsonderlike onderwyssubstelsels vir blankes, swartes, Kleurlinge en Indiërs (Truter, 1981:223). Atkinson (1978:307) is van mening dat politieke eerder as opvoedkundige oorweginge die onderwysbesluit in die Unie gerig het.

Onderwyssegregasie het nou ook 'n nuwe beginsel ingesluit, naamlik dat onderwys die swart kind moes help om homself as lid van 'n bepaalde volk en kultuur te identifiseer (Coetzee, 1976:13). Generaal Louis Botha het op 1 April 1912 al beklemtoon dat "Naturelle" langs hul eie, tradisionele weg moet ontwikkel (Krüger, 1960:361). Onderwys in swart gebiede moes dien as samebindende faktor en die hele stam na 'n hoër lewenspeil oplig. Die swarte moet aktief ingespan word sodat die gemeenskap nie in duie stort as die blanke se leiding en toesig onttrek word nie (Tomlinson, 1955:168).

In 1912 het 'n onderwyskommissie daarop gewys dat die sendingskole die swart kinders onderrig vir deelname aan 'n ekonomiese en sosiale bestel waarin hul nooit opgeneem sou word nie (Cross, 1986:72). Dr. Verwoerd het in 1950 ook die feit beklemtoon toe hy daarop gewys het dat die onderwys wat voorheen aan swart kinders verskaf is, daarop gemik was om hulle die groener weivelde te wys, maar dat hulle nooit toegelaat sou word om daarin te wei nie (Coetzee, 1976:10). Reeds in 1912 was daar oproepe dat die kurrikulum vir onderwys vir swart mense, die swart mense se eie moontlikhede, behoeftes en aspirasie in ag moet neem (Cross, 1986:73).

Nog 'n faset van die latere onderwys vir swart mense wat reeds in 1912 op die voorgrond getree het, was die beskuldiging dat sendingonderwysers by die swart mense verkeerde verwagtinge skep en dat dit tot frustrasie lei (Cross, 1986:73). Dr. Verwoerd het ook die feit dat sendingskole verkeerde verwagtinge van gelykstelling en integrasie by swart mense wek aangevoer as 'n

rede waarom 'n gesentraliseerde onderwysstelsel vir swart mense ingestel moes word (Horrell, 1964:5-6).

Verpligte onderwys is na Uniewording vir blanke kinders ingestel, maar nie vir swart kinders nie. Die stap is geregverdig deur 'n tekort aan fondse en die feit dat die swart mense se fisiese bydraes dit nie geregverdig het nie (Shingler, 1973:70).

In die eerste deel van die twintigste eeu was daar verskerpte pogings om hoër onderwys te bevorder. Daar is egter nie voorsiening gemaak vir swart mense, Kleurlinge en Indiërs nie en dit het die verwydering tussen blank en swart laat vergroot (Shingler, 1973:79).

Shingler (1973:60) lê ook verband tussen die onderwysstelselsel van die Unie en die pogings om die armblanke-vraagstuk op te los. Volgens Shingler (1973:ii) is die onderwys gebruik om die blanke oorheersing te behou en te verhoed dat die swart mense ontwikkel.

Onderwys is gebruik om die eie identiteit van die Afrikaner te behou. Na 1910 was daar sporadiese pogings om die ideale van Christelik-nasionale onderwys te verwesenlik (Behr, 1978:29). In 1918 is die Afrikaner-Broederbond in die lewe geroep wat die Afrikaanse taal, godsdiens, tradisies, land en mense moes bevorder. Reeds in 1912 het die Afrikander-Broederbond hom beywer vir Afrikaansmediumskole (Atkinson, 1978:217).

'n Kommissie van ondersoek is in 1919 onder die voorsitterskap van dr. W.J. Viljoen aangestel om onderwys vir swartes in die Kaap te ondersoek (Shingler, 1973:265). Hierdie kommissie het in sy verslag beklemtoon dat onderwysers dieselfde gevoel en tradisies as die ouers behoort te hê en dat daar waar dit moontlik was, aparte skole vir die verskillende volksgroepe behoort te wees (Engelbrecht, 1959:311). Die klem het dus ook ten opsigte van onderwysgeleenthede verskuif van rasseskeiding na volkereskeiding.

Na aanleiding van die Welsh-verslag in verband met onderwys in 1935 het die eerste pogings gevolg om 'n nasionale beleid vir onderwys vir swart mense daar te stel (Atkinson, 1978:308). 'n Inter-departementele komitee insake die doelstellings van onderwys vir swart mense beveel in 1936 aan dat die swartes volksbewus gemaak kan word indien die beginsel van aparte ontwikkeling in die onderwys net soos in die kerklike lewe streng toegepas word (Coetzee, 1976:22).

Die Instituut van CNO is in 1939 gestig om die ideaal van Christelik-nasionale onderwys uit te dra. Een van die beginsels van die Instituut is die "nasionale beginsel". Met die beginsel is bedoel dat die liefde vir alles wat die Afrikaner se eie is, bevorder moes word. Dit sluit die liefde vir sy land, geskiedenis, taal en kultuur in (Van Zyl, 1972:122).

Politieke invloede het meer dominant geraak ten opsigte van die onderwysbeleid, veral na die Tweede Wêreldoorlog toe die Nasionale Party aan bewind gekom het. Die Nasionale Party se

belangrikste optrede ten opsigte van onderwys was die poging om 'n doeltreffende gesentraliseerde onderwysstelsel daar te stel. Daar is vir die eerste keer in die Suid-Afrikaanse geskiedenis aandag gegee aan die herorganisasie van onderwys vir swart mense (Atkinson, 1978:308).

Die De Villierskommissie het teen ongeveer 1948 sy verslag uitgebring oor tegniese en beroepsonderwys. Die kommissie het aanbeveel dat die onderwys vir swart mense struktureel dieselfde moes wees as die van die blankes, maar dat daar by die beplanning van onderwys vir swart mense gekyk moet word na hul unieke agtergrond, moontlikhede en posisie in die land (Horrell, 1964:153).

In 1949 is die Uniale Naturelle-onderwyskommissie onder leiding van dr. W.W.M. Eiselen aangestel met die opdrag om die onderwys vir swart mense as selfstandige volkere te formuleer. Die swart mense se verlede, hede, volkseie, besondere behoeftes, eienskappe en aanleg moes in aanmerking geneem word (Coetzee, 1976:22).

Afsonderlike ontwikkeling stel die eis van afsonderlike onderwysgeriewe wat die leerling kan opvoed in sy eie taal en kultuur sodat hy volwaardig deel kan hê aan die Suid-Afrikaanse lewenspatroon, meen Beyers Nel (1967:277). Die Suid-Afrikaanse nasionalisme vereis dus gedifferensieerde onderwysprogramme wat die harmonie van 'n wyer Suid-Afrikaanse patriotisme in die veelheid van nasionale kulture sal bevorder en tegelyk individuele persone en volksgroepe die volle geleentheid tot selfrealisering sal bied (Beyers Nel, 1967:278).

Christie en Collins (1984:165) is van mening dat die Nasionale Party nie in 1948 segregasie vir die eerste keer in die onderwyswêreld ingebring het nie, maar dat dit reeds in die 1930's gevestig is. Die Nasionale Party se segregasiebeleid gedurende die Uniale periode het wel die basis gelê vir die toekomstige onderwyssegregasie.

3.7 Die periode 1950-1966

Dr. H.F. Verwoerd word deur sommige historici beskou as die argitek van die meer positiewe benadering van apartheid, naamlik afsonderlike ontwikkeling. Die Nasionale Party se segregasiebeleid was vanaf 1914 af konsekwent aanwesig en sou in die periode 1950-1966 verder ontwikkel word (Lintveld et al., 1986:266-267). Onder Verwoerd sou apartheid 'n sosiale raamwerk vir 'n nuwe vasgegroepeerde gemeenskap word (McCrone, 1970:9). Dr. Verwoerd het gepoog om 'n grondslag te lê vir 'n verhouding tussen blank en swart. Hierdie grondslag moes enersyds reg en geregtigheid aan die nasionale aspirasie van die swart mense laat geskied en andersyds die toekoms van die blanke verseker (Scholtz, 1970:14).

In hierdie afdeling gaan daar aandag gegee word aan die Nasionale Party se segregasiebeleid soos vergestalt in wetgewing, tuislande, gebiedskeiding, arbeidsverhoudinge, instromingsbeheer en die voogdyskapbeginsel. Verder sal daar ook aandag gegee word aan die sogenaamde vertikale apartheid waar volk naas volk gestel word en waar kultuurdifferensiasie as noodsaaklik geag word.

'n Belangrike aspek vir die instandhouding van kulturele apartheid is die Naturelle-gemenereg. Die amptelike beleid was honderd persent ten gunste van die behoud en bevordering van die Naturelle-gemenereg. Die Nasionale Party het daarna gestrewe dat die swart mense 'n regstelsel moes ontwikkel wat sy wortels in die kultuur van die swarte sou hê (Welsh, 1972:49). Daarom was dit die beleid om die magte van die stamhoofde in ooreenstemming met hul bekwaamheid en tradisies op te bou en te versterk (Tomlinson, 1955:66).

Die segregasiebeleid het 'n belangrike rol gespeel in die wetgewing wat gedurende hierdie periode die lig gesien het (Albertyn, 1987:248).

Ingevolge die Ontugwysigingswet (21/1950) is geslagsverkeer tussen blankes en lede van ander bevolkingsgroepe tot 'n kriminele misdryf verklaar (Labuschagne, 1987:43). "Ander" bevolkingsgroepe kan hier omskryf word as ander inwoners van Suid-Afrika wat nie blank is nie. Die doel met die wet was die beskerming van die blanke, maar ook die beskerming van swart mense en hul gevoel van eiewaarde (Hansard (V) 1950, kol.7940).

Die Bevolkingsregistrasiewet (30/1950) het 'n onbuigsame rasseklassifikasiestelsel op grond van voorkoms en afkoms ingestel (Lambrechts et al., 1986:233).

Tydens sy toespraak in die Senaat op 3 September 1948 het dr. Verwoerd dit duidelik gestel dat die regering se beleid definitief territoriale segregasie insluit (Pelzer, 1966:2).

Die wet op Groepsgebiede (41/1950) is deur die Wet op Groepsgebiede (36/1966), gewysig. Volgens laasgenoemde wet is bepaal waar wie mag woon en wat wie waar mag besit. In die stede is aparte woongebiede vir verskillende bevolkingsgroepe gevestig en die een bevolkingsgroep is nie toegelaat om in 'n ander se gebied te woon of eiendom te besit nie (Labuschagne, 1987:42). Deur middel van hierdie wet wou die Nasionale Party blanke heerskappy en die voortbestaan van die Westerse beskawing in Suid-Afrika verseker (Lambrechts et al., 1986:233).

Nog 'n wet wat volgens Engelbrecht (1959:47) van belang is vir die implementering van die apartheidsbeginsel, is die Wet op Onderdrukking van Kommunisme (44/1950). Die African National Congress (ANC) het daarop aangedring dat die apartheidswette herroep moes word. Die Regering het geantwoord met die wet waardeur die Kommunistiese Party, wat die ANC ondersteun het, verbied is (Lintvelt et al., 1986:264-265).

Na aanleiding van die Naturelle Wysigingswet (54/1952) moes swart arbeiders in stede deur arbeidsburo's gekanaliseer word. Volgens Kenney (1979:99) was dit net 'n verdere stap om die swart mense permanente inwonerskap in stede te ontsê. Volgens die Wet op Naturelle-arbeid (48/1953) is geregistreerde vakbonde verbied om swart mense as lede te aanvaar en swartes is verbied om te staak (Muller, 1980:496).

Die Wet op Aparte Geriewe (49/1953) het bepaal dat apartheid in alle openbare fasiliteite soos onder andere parke, strandoorde,

swembaddens, stasies en poskantore verpligtend is (Labuschagne, 1987:45).

Dr. Verwoerd het ook die onderwysbestel van die swart mense in lyn met die Apartheidsideologie gebring deur middel van die Wet op Bantoe-onderwys (47/1953) (Dube, 1985:95).

Die Naturelle Hervestigingswet (19/1954) was 'n poging om migrasie van swartes na stede te beëindig want ten spyte van vorige pogings tot instromingsbeheer het swart werkers nog na stede gestroom. Volgens Scheepers Strijdom (1967:55) kan hierdie wet gesien word as deel van dr. Verwoerd se algehele beleid ten opsigte van die swartes. Die doel met hierdie wet was veral om die sogenaamde "swart kolle" uit die westelike gebied van Johannesburg te verwyder (Muller, 1980:494).

Tydens sy toespraak in die Senaat op 3 September 1948 het dr. Verwoerd bevestig dat die beginsel van werkreservering beslis deel uitmaak van die regeringsbeleid (Pelzer, 1966:2). Die wysiging van die Nywerheidsversoeningswet (28/1956) het die beginsel van werkreservering nog verder uitgebou. Die wysiging het gelei tot

(i) werkafbakening, waarvolgens sekere soorte werk vir lede van een rasgroep gereserveer is,

(ii) die verbod op ras-gemengde vakbonde,

(iii) die verpligting van ras-gemengde vakbonde om hul blanke en nie-blanke takke apart te hou.

Die wetgewing het swartes uitgesluit van kollektiewe bedinging (Van Jaarsveld, 1982:412).

Die beginsel van selfbestuur vir swartgebiede loop deur die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Onder die Glen Grey-wet is in 1894 selfbestuur aan lokasies en distrikte gegee en dit is later uitgebrei na Transkei. Sedert Uniewording is daar ook wette aangeneem wat hierdie beginsel erken waarvan die Wet op Bantoe-owerhede (68/1951) en die Wet op Bevordering van Bantoe-selfbestuur (46/1959) die belangrikstes is (Hansard (V) 1963, kol.2366).

Dr. Verwoerd het tydens 'n toespraak voor die Naturelle= verteenwoordigende Raad in 1950 beklemtoon dat aparte woongebiede deel uitmaak van die apartheidsbeleid en dat die uiteindelike oogmerk selfbestuur is (Pelzer, 1966:4). Die Wet op Bevordering van Bantoe-selfbestuur (46/1959) het erkenning verleen aan die "nasionale etnisiteit" van die swart mense. Die swart mense kry deur middel van die wet die geleentheid om hul eie sake te behartig (Krüger, 1960:442). Die wet het voorsiening gemaak vir tuislandregerings. Hierdie tuislandregerings sou egter nog onder die toesig van die die blanke Suid-Afrikaanse regering staan (Christie en Collins, 1984:172-173). Die voogdyskapsbeginsel is dus in hierdie wet ingebou.

Krüger (1960:451) sit die doelwitte van die Wet op Naturelle Selfregering (46/1959) soos volg uiteen:

* Dit wil aan ander bevolkingsgroepe bied wat die Afrikander vir homself toe-eien.

* Dit voldoen aan die beginsel van kultuurdifferensiasie want dit bied beskerming aan die blankes maar bied die swartes ook die geleentheid om binne hul eie gemeenskap te ontwikkel.

* Dit bied die swarte die geleentheid om self die leisels te neem.

* Dit skep 'n toekoms van hoop en verwagting vir alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika, maar spesifiek vir die swart bevolkingsgroepe.

* Dit lê die basis vir 'n regeringsvorm waarin alle bevolkingsgroepe 'n aandeel kan hê.

Volgens Devenish (1987:32) skep die Wet op Naturelle Selfregering 'n waterskeiding in die apartheidsevolusie. "Permanent white rule over the whole of South Africa, or baasskap, had been abandoned in favour of a more sophisticated and subtle form of apartheid..."

Wetgewing in die periode 1950-1966 het dus die Nasionale Party se segregasiebeleid voortgedra.

'n Segregasiebeginsel wat konsekwent deur die Nasionale Party toegepas is, is die beginsel van territoriale segregasie. Die aanvanklike gebiedskeiding en reservate het nou uitgekring tot 'n nasionale tuislandbeleid. Die tuislandbeleid was 'n belangrike deel van die Nasionale Party se ontwikkelingsplan vir Suid-Afrika en ook sy ondersteunende ideologie (Christie en Collins, 1984:172). Die tuislandbeleid sou die aantal swart inwoners in stedelike gebiede verminder en 'n alternatiewe basis

lê vir die voorsiening en beheer van swart arbeid (Christie en Collins, 1984:172).

Daar kan twee beginsels uitgelig word wat die Nasionale Party se tuislandbeleid onderlê het. Die eerste beginsel is dat die swarte as werker welkom is in blanke gebiede maar dat hy nooit 'n deelgenoot van die blanke in blanke gebiede kan wees nie. Die tweede beginsel is dat daar gebiede aan die swartes gegee moet word waar hulle kan ontwikkel volgens eie kultuur en volksaard (Scholtz, 1960:4). Dr. Verwoerd (1958:4) het die beleid soos volg opgesom: "Separate development means the growth of something for oneself and one's nation, due to one's own endeavours."

Selfontwikkeling in eie kring, onder eie leiers en teen eie tempo is gesien as 'n proses van selfopvoeding. Die tuislandgroei was dus volgens sy voorstanders nie gemik op die voordeel wat dit vir blankes kon inhou nie, maar dit was in die eerste plek gemik op die voordeel wat dit vir die swart mense kon inhou (Swart, 1970:35).

Die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede het in 1952 voorgestel dat daar in stede vir elk van die bevolkingsgroepe aparte gebiede gegee moes word sodat segregasie sosiaal, ekonomies, administratief en ook ten opsigte van woonbuurte toegepas kon word (Gerdener, 1952:141). Die doel was om die swart mense op te lei en te onderrig om binne 'n swart gebied hulle eie huishouding waar te neem (Coetzee, 1976:19).

Volgens Welsh (1972:51) word die werklike bande van interafhanklikheid tussen blanke en swart mense verduister deur die beklemtoning van afsonderlike ontwikkeling en die daarmee gepaardgaande kultuurgebondenheid. Die Nasionale Party het die tuislandbeleid, met die stamstelsel as basis, as enigste voorkomingsmaatreël beskou in die stryd om gelykheid tussen verskillende rasse (Welsh, 1972:46).

Dr. Verwoerd het hom soos volg oor die saak uitgespreek: "Net so min sal blank en swarte in een veelrassige eenheid behou kan word met vrede en sonder botsings, as kan gebeur met swart nasies in ander dele van Afrika, of met Xhosa, Basoeto en Zoeloe in een gemeenskapseenheid sonder dat daar botsings sal wees." (Pelzer, 1966:299).

J.L. Horak (Hansard (S) 1975, kol.4267) het in die Senaat verwys na die lang pad wat hierdie tuislandbeleid saam met die Nasionale Party gekom het. Hierdie beleid is konsekwent deur die Nasionale Party nagestreef.

Twee Nasionale Party-beginsels wat vanaf 1948 konsekwent gehandhaaf is, is die behoud van die Europese karakter van stede en die siening dat swart mense slegs besoekers aan die stede is en deur middel van instromingsbeheer gereguleer moes word. Volgens Verwoerd (1952:8) moes daar by elke dorp en elke industriele gebied 'n lokasiesterrein gevind word sodat die onwettige loseerdery, plakkery en agterplaasloseerdery van swart werkers beëindig kon word.

Die belangrikste beginsel van die Nasionale Party se segregasiebeleid ten opsigte van swart arbeiders was dat hulle slegs besoekers was wat hul arbeid in die blanke stede gaan verkoop het. Verwoerd (1952:7) het die beginsel duidelik uitgespel toe hy beklemtoon het dat die verstedelikte swarte nog steeds in die Naturellegebied sy stamverband veranker moes bly. "There is no place for him in the European community, above the level of certain forms of labour..." (Atkinson, 1978:226.) In 1956 het dr. Verwoerd die beginsel weer eens bevestig toe hy voor die Kongres van die Instituut van Administrateurs van nie-blanke aangeleenthede gesê het: "...dat die naturel nie permanente regte kan verkry in die blanke gebied nie." (Pelzer, 1966:118).

Volgens Patel (1987:163) het die Regering arbeidswetgewing gebruik om die politieke doelwit, naamlik om die werkersklas volgens ras te verdeel, te verwesenlik. Die Minister van Arbeid kon na aanleiding van die Nywerheidsversoeningswet (28/1956) die werksgeleenthede van blankes beskerm (Patel, 1987:166).

Volgens Dube (1985:95) is swart onderwys so georganiseer dat dit aan die arbeidsaanvraag van die groeiende aantal sekondêre nywerhede in Suid-Afrika kon voldoen. Swart mense moes hande= arbeid verrig, daarom is dit as sinloos beskou om hulle vir iets beters te onderrig.

Twee beginsels wat byna al die ander segregasiebeginsels onderlê, is die beginsel van kultuurdifferensiasie en die voogdyskapsbeginsel.

Die handhawing van die Westerse kultuur in die algemeen en van die Afrikanerkultuur in die besonder was een van die kragtigste motiewe agter die apartheidsgedagte. Terselfdertyd het die Regering vir ander bevolkingsgroepe die geleentheid geskep, onder andere deur middel van tuislande, om hul eie kulturele erfenisse te bewaar en verder te ontwikkel (Labuschagne, 1987:102). Die uitgangspunt was dat die werklikheid wat een kultuur waarneem en beleef, verskil van die werklikheid wat 'n ander kultuur waarneem en ervaar as gevolg van verskil in lewensbeskouing (Shingler, 1973:222).

Die regeringsbeleid het daarop neergekom dat afsonderlike ontwikkeling die verskillende bevolkingsgroepe die geleentheid bied om hul besondere volksaard, tradisies, kultuur en ontwikkeling op eie verantwoordelikheid en binne eie volksverband uit te bou (Coetzee, 1976:19). Dr. Malan het in Januarie 1952 verklaar dat die pad na vrede en goeie rasseverhoudinge geleë is in die aanvaarding dat die groep die geleentheid gegun moet word om binne sy eie gemeenskap te ontwikkel (Horrell, 1964:3).

Vir die Afrikaner was die andersheid van blankes en swart mense geleë in 'n eie lewensbeskouing wat innig verweef is met die sosiale orde, die regspraak en die religieuse beskouing (Coetzee, 1976:264). Dit gaan dus nie net om rasse wat verskil nie, maar ook om volke. Dit gaan om mense wat as skepsels van God voor Hom gelyk dog nie eenders is nie (Coetzee, 1976:262).

Op hierdie rasseverskeidenheid en kultuurdifferensiasie het die Nasionale Party sy segregasiebeleid gebaseer (Christie en Collins, 1984:171).

Die segregasiebeleid is gevolg om die blanke in die land te red en om die blanke beskawing in Suid-Afrika te red (Hansard (V) 1962, kol.4060). Die blankes se heerskappy kan slegs beveilig word deur middel van apartheid en veral politieke apartheid (Krüger, 1960:440). Dr. Verwoerd (1959:12) het dit beklemtoon dat die blanke deur middel van die segregasiebeleid wel 'n kans op selfbehoud kry: onder die omstandighede van 'n veelrassig-beheerde staat het hy geen kans om behoue te bly nie. Volgens dr. Verwoerd (1959:23) was die Nasionale Party se strewe na 'n permanente blanke Suid-Afrika, maar met geleenthede tot ontwikkeling van gebiede waarin beheer deur swart mense self kan toeneem onder leiding van die blanke as voog.

Met die voogdyskapsbeginsel word bedoel dat net die beste vir die swart mense beoog word. Die swart mense moet goeie huisvesting hê, geskikte werksgeleenthede en onderwysgeriewe sodat hul sinvol kan ontwikkel (Labuschagne, 1987:57). Die voogdyskapsbeginsel kom dus daarop neer dat die blanke homself met die taak belas het om as voog oor die swart mense op te tree tot en met die stadium waarop hulle hul eie sake kan behartig (Labuschagne, 1987:19).

Die Nasionale Party het konsekwent, van 1948 af, met aparte kieserslyste volgehou. Boulle (1987:19) is egter van mening dat

die Wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Stemgeregtigdes (46/1951) eerder 'n poging was om die opposisie te verswak as om te diskrimineer teenoor ander bevolkingsgroepe. Dr. Verwoerd (1959:8) het ontken dat swart mense geen politieke seggenskap het nie en het beklemtoon dat swart mense selfs hulle regte ten opsigte van deelname aan die bestuur van daardie swart tuiste van hul etniese eenheid, het terwyl hulle in blanke gebied is.

Die belangrikste beginsels van die segregasiebeleid wat onder die Nasionale Party beslag gekry het, is dus konsekwent deur Hertzog, Malan, Strijdom en Verwoerd voortgedra.

3.8 Die periode 1967-1984

Hierdie periode is daardeur gekenmerk dat die bloudrukpolitiek van die apartheidsbeleid gekombineer is met beraadslaging met swart etniese leiers. Die Regering het egter die ideologiese en statutêre parameters getrek waarbinne die beraadslaging moes geskied (Van Wyk en Geldenhuys, 1987:13).

In die periode van 1948 tot ongeveer die middel-1970's het 'n relatief duidelike stelsel van rassistiese wetgewing gegeld. Vanaf die middel 1970's het die stelsel van rassediskriminasie op ekonomiese, sosiale en politieke gebied begin disintegreer.

Dit wil nie sê dat die Nasionale Party van sy apartheidsbeleid afgesien het nie. Die apartheidsbeleid het net 'n paar veranderinge ondergaan; die basiese beginsels het nog gegeld (Atkinson, 1987:243).

Met die aanvaarding van die Wysigingswet (64/1967) het "die toets vir algemene aanvaarbaarheid" gekompliseerd geraak. Dié wet het nie rasse-klassifikasie afgeskaf nie, slegs die maatreëls waarvolgens 'n persoon as blank geklassifiseer is, is verander (Girvin, 1987:7).

Kulturele differensiasie en erkenning van etnisiteit is nog steeds deur die Nasionale Party belangrik geag. Botha (1970:51) het die belangrikste uitgangspunte van die segregasiebeleid soos volg uiteengesit:

* Verskillende swart volke en -volksgroepe moet die geleentheid gegee word tot die uitbou van hulle afsonderlike entiteite.

* Die Afrikaanssprekende blanke minderheid is die beleidmakers en voogde van die swartes.

* Alle ander mense, as lede van ander volksgroepe, moet gelykwaardig geag word maar ook as kultureel anderswaardig aanvaar word.

In 1981 het Minister F.W. de Klerk (Hansard (V) 1981, kol.113-114) dit pertinent gestel dat veelvolkigheid steeds die basiese uitgangspunt van die Nasionale Party is. Van Wyk en Geldenhuys (1987:10) beklemtoon ook dat Eerste Minister P.W. Botha positiewe erkenning gegee het aan afsonderlike volksvryhede. Minister P.W. Botha was van mening dat die Nasionale Party se grootste verdienste juis is dat die Party gebou is op die beginsel dat wat jy vir jou eie volk en eie mense opeis en nie van afstand sal doen nie, ook aan ander bevolkingsgroepe gegun word (Van Wyk en Geldenhuys, 1987:51).

Die behoud van die beginsel van kultuurdifferensiasie blyk duidelik uit die Wet op Burgerskap in Bantoe-tuislande (26/1970). Hierdie wet moes in die behoefte van nasionale trots voorsien. Die wet moes dit vir lede van die verskillende etniese groepe moontlik maak om te kan identifiseer met hulle volke en om hierdie identifikasie te kan laat sertifiseer (Anon., 1971:50). Volgens Olivier (1970:57) het die beginsel van die segregasiebeleid juis die teenoorgestelde gevolg gehad.

Die swarte, wat sy arbeid in blanke gebiede moet verkoop, bevind hom buite sy familie- en stamverbande en binne 'n vreemde omgewing waar vreemde kultuurwaardes geld. Dit het eventueel tot die gevolg dat hy 'n onaanpasbare, los aanhangsel word wat nòg in sy tradisionele tuisland, nòg in die nuwe omgewing waar hy werk, volkome tuishoort.

Die Wet op Bantoe-owerhede (68/1951) is nog konsekwent toegepas en teen 1968 was daar 632 stamowerhede, 75 streeksowerhede en 8 gebiedsowerhede (Lintveld et al., 1986:271). Hierdie wet was die eerste wat die proses van evolusionêre konstitusionele ontwikkeling van tuislande aan die gang gesit het. In 1968 het G.F. Van L. Froneman (Hansard (V) 1968, kol.6873) in die Volksraad gesê dat daar 'n staatsdiens vir elke bantoetuisland geskep gaan word.

Die Wet op Bevordering van Bantoe-selfbestuur (46/1959) is in 1971 opgevolg deur die Grondwet van Nasionale State (21/1971) (Van Wyk en Geldenhuys, 1987:12). Transkei het reeds in 1963 'n selfregerende gebied geword. Teen 1973 is Ciskei,

Bophuthatswana, Lebowa, Venda en Gazankulu ook bevorder tot selfregerende gebiede (Lintveld et al., 1986:272).

Die voogdyskapbeginsel moet in onafhanklikheid kulmineer en dit het in die periode 1973 tot 1981 plaasgevind (Van Wyk en Geldenhuys, 1987:12). In 1976 het Transkei met Kaptein Kaizer Matanzima onafhanklik geword. Bophuthatswana volg in 1977 met mnr. Lucas Mangope as Eerste Minister. Venda word in 1979 onafhanklik met mnr. Patrick Mphephu as President en in 1981 volg Ciskei met President Lennox Sebe as staatshoof (Lintveld et al., 1986:272-273).

Du Plessis (1971:96) defineer 'n tuisland soos volg: "'n Tuisland is die grondgebied binne die Republiek van Suid-Afrika wat as nasionale tuiste van die onderskeie swart volke erken word en waar elkeen van die volke tot selfbestuur kan ontwikkel." Volgens P.J. Swanepoel (Hansard (S) 1975, kol.4342) is die tuislandbeleid egter glad nie gebore uit goedgesindheid nie, maar uit vrees vir die swarte.

F.W. De Klerk (Hansard (V) 1981, kol.116 en 120) het in 1981 bevestig dat kultuurdifferensiasie en selfbeskikking nog deel is van die Nasionale Party-beleid. "Die Nasionale Party se ...dit is noodsaaklik om 'n eie gemeenskapslewe vir elke bevolkingsgroep te verseker." Die Nasionale Paty beskou selfbeskikking en 'n eie, effektiewe politieke magsbasis as die enigste verweer van minderhede teen dominasie en oorheersing (Hansard (V) 1981, kol.120).

F. Van Zyl Slabbert (Hansard (V) 1981, kol.35) verwys na sleuteluitgangspunte van die Nasionale Party se tuislandbeleid wat mettertyd afgeplat het. Volgens hom het die Nasionale Party-regering onder Eerste Minister P.W. Botha afgesien van maksimum skeiding op die grondslag van ras of op die grondslag van etnisiteit. Tweedens het die Nasionale Party-regering aanvaar dat die skep van onafhanklike tuislande nie die oplossing vir politieke probleme is nie.

B.J. Vorster (Hansard (V) 1969, kol.352) het dit duidelik gestel dat swart mense wat hulle in blanke gebiede bevind geen politieke regte in daardie gebiede sal kry nie. "Eerstens omdat dit in beginsel verkeerd is dat hy dit buite sy tuisland moet kry en ook omdat dit die beste manier is om wrywing tussen wit en swart hier in Suid-Afrika te veroorsaak." Hier kom weer eens terminologiese verwarring na vore. Tuislande is op grond van etnisiteit verskaf, terwyl Minister Vorster se verduideliking gegrond is op rasseskeiding en kleurskeiding.

Die Wet op Burgerskap in Bantoe-tuislande (26/1970) het dit vir alle swartes wat buite hul etniese tuisland woon, moontlik gemaak om aansoek te doen en burgerskap van die betrokke tuisland te verkry (Lintveld et al., 1973:273). Die Nasionale Party se beleid was, soos reeds gesien, dat die swart mense stemreg in hul eie gebiede moet hê. P.W. Botha, wat bekend was dat hy "verlig" was en apartheid afgeplat het, het in die Volksraad gevra dat daar strukture vir swart mense in stede geskep moes word sodat hulle hul stemme kan uitbring

(Hansard (V) 1981, kol.233-236). Daar sal dus aan hierdie strukture hoër status as munisipale status verleen word en daar sal aan hulle magte toegeken word, maar die swart mense moet nog altyd verband soek met die strukture wat in hul eie state bestaan.

Volgens De Villiers (1984:213) wou die Regering deur die skep van die strukture net verseker dat die swart man uit die Presidentsraad gehou word, omdat hulle 'n swart meerderheidsregering gevrees het. Hy wys ook daarop dat P.W. Botha die siening gehuldig het dat die aanvaarding van die swart man in die Presidentsraad sou beteken dat die kiem van 'n swart meerderheidsregering geplant word.

Die Grondwet van die RSA (110/1983) maak vir die eerste keer voorsiening vir stemreg vir persone in die RSA wat nie blank is nie. Swart mense is egter nog steeds van die parlementêre stemreg uitgesluit (Boulle, 1987:16). Volgens Van Wyk en Geldenhuys (1987:53) is die politieke en intellektuele gebreke van afsonderlike ontwikkeling nêrens duideliker as ten opsigte van die politieke status van die swart mense nie.

Soos reeds aangetoon, is daar teen 1981 al aanvaar dat stedelike swart mense meer permanent van aard is. Malan (1990:76) wys daarop dat P.W. Botha swart mense as permanente inwoners van blanke stede beskou het en dàt hulle selfs tydens sy bewind die reg verkry het om in blanke stede huise en eiendom te besit. Tog is die beginsel van "blanke stede" gedurende hierdie periode inkonsekwent toegepas. In 1968 is kontrakwerkers nog

verplig om jaarliks na hul tuislande terug te keer. Met die oog op die toepassing van residensiële segregasie en die kontrolering van swart arbeid het die Regering teen 1970 'n hele aantal wette ingevoer (Lambrechts et al., 1986:237). In 1971 is swartes wat in blanke stede "swart kolle" gevorm het, op trokke gelaai en na die naaste "Bantustan" geneem waar hulle eenkant kon wees.

In 1975 het W.M. Crook (Hansard (S) 1975, kol.4313) senator P.Z.J. Van Vuuren daarvan beskuldig dat hy nog vasklou aan die beginsel dat swart werkers net besoekers aan blanke stede is en dat die beginsel lankal reeds deur die Nasionale Party laat vaar is. Tog verwys B.B. Goodall (Hansard (V) 1981, kol.107) in 1981 nog na die beheer van swart stedelike werkers.

In 1981 het B.B. Goodall (Hansard (V) 1981, kol.99) daarop gewys dat bykans die helfte van die wette wat sedert 1910 deur die Parlement goedgekeur is, strydig is met die gees van vrye onderneming en ope mededinging. Hierdie wetgewing was die direkte gevolg van die apartheidsbeleid (Hansard (V) 1981, kol.100). Uit sy toespraak kan verder afgelei word dat die Nasionale Party nog steeds die beginsel van werkreservering op grond van kleur gehandhaaf het.

Adjunk-Minister T.N.H. Janson (Hansard (S) 1975, kol.4358) het gesê dat die Nasionale Party aan sy kieserspubliek belowe het dat daar werkreservering sal wees en dat solank as wat die Nasionale Party aan bewind is en totdat die kieserspubliek anders besluit, die party sy belofte gestand sal doen.

In 1979 is daar in 'n mate met rassediskriminasie ten opsigte van swart arbeiders weggedoen toe die voorstelle van die Wiehahn-kommissie omgesit is in wette (De Villiers, 1984:216).

In terme van die Nywerheidsversoeningswet op Arbeidsverhoudinge (57/1981) is rassediskriminasie ten opsigte van lidmaatskap aan arbeidsunies verwyder. Swart unies kon nou ook registreer en deelneem aan die kollektiewe onderhandelingsisteem (Patel, 1987:67).

Volgens 'n mededeling van 'n gewese minister, M.C. Botma (1989) is die rede waarom daar begin is om rassediskriminasie uit die weg te ruim, die feit dat die arm blanke vir wie die wette ingestel is, nou opgehef is en nie meer beskerming nodig het nie. Werkreservering moes afgeskaf word omdat baie swart kinders nou tot matriek vorder en hulle kan nie van geleenthede weggehou word nie. De Villiers (1984:216) wys daarop dat die beginsel van gelyke lone vir gelyke werk ook aanvaar is. Op ekonomiese gebied is apartheidsmaatreels dus in hierdie periode wel verslap.

In sy artikel skryf Stephen Throp (INEG, 1498, 21 Maart 1980:15) "Sedert P.W. Botha Eerste Minister van Suid-Afrika geword het, het hy toegewings op elke terrein van sy land se rassebeleid in die vooruitsig gestel." Volgens hom het P.W. Botha die toestand as onregverdig beskou en besluit om die situasie te verander, al moes dit hom ook die steun van sekere kiesers kos.

Volgens Boesak (1986:129) het P.W. Botha baie meer begrip vir die huidige situasie in Suid-Afrika gehad as sy voorgangers. Ook Malan (1990:76) is van mening dat Minister P.W. Botha meer begrip aan die dag gelê het as enige van sy voorgangers. Volgens 'n mededeling van M.C. Botma (1989) het P.W. Botha selfs tydens sy bewind al 'n swart minister in die vooruitsig gestel. Tog is laasgenoemde se oplossing vir die krisis in Suid-Afrika maar net 'n meer verfynde vorm van apartheid. Boesak (1986:129) beskryf dit soos volg: "The government has created a warm, cozy, middle ground where everyone who comes in may have their ethnic piece of the pie..."

Die beginsel van voogdyskap skemer steeds deur in die verdedigging van P.W. Botha dat die Ontugwysigingswet se doel was om sosiale misstande te beskryf en om te keer dat swart vroue deur gewetenlose blanke mans uitgebuit word (De Villiers, 1984:82). In 1979 het A.P. Treurnicht (INEG 1372,21 Maart 1979:3) dit ook beklemtoon dat dit steeds die Regering se beleid is om die verskillende groepe te help om hulleself te help.

Die periode 1967 is gekenmerk deur 'n afwatering van die strakke apartheidsbeleid van vroeër. Beraadslaging het deel geword van regeringsbeleid. Daar is begin om van diskrimenerende wette af te sien. Apartheidsbeginsels is egter steeds behou, soos die beginsel van kultuurdifferensiasie, die voogdyskapsbeginsel, die beginsel van selfbeskikking en die erkenning van die verskillende bevolkingsgroepe en etnisiteite. Die voogdyskapsbeginsel het in die periode gekulmineer in onafhanklikheid.

3.9 Samevatting

Segregasie was beslis al gedurende die periode 1652-1806 in Suid-Afrika aanwesig, al was dit nie in dieselfde vorm as wat dit as 'n beleid onder die Nasionale Party beslag gekry het nie. Aanvanklik is die rasseskeiding toegepas op grond van geloofsverskille. In die periode 1806-1910 het die opkomende Afrikanervolk 'n nuwe dimensie tot rassesegregasie toegevoeg. Daarmee saam tree terminologiese verwarring op die voorgrond, want nou is dit nie meer ras teenoor ras nie maar ook volk teenoor ras. Die Afrikanervolk het hom nie net van die Britse volk afgeskei nie, maar ook van die swart mense. Segregasie het hoofsaaklik op grond van geloofsverskille plaasgevind, maar die element van skeiding op grond van kultuurverskille het ook op die voorgrond getree. Dit bring 'n mens weer by die probleem van segregasie tussen die Afrikanervolk en die swartes. Belangrik is egter dat segregasie reeds in die periode bestaan het.

In Natal (1838-1910) tree volkereskeiding sterk op die voorgrond, want die Voortrekkers (meestal Afrikaners) het 'n duidelike skeiding tussen hulle en die swart mense (meestal Zoeloes) getrek. Behoud van stamorganisasie, territoriale skeiding, beskerming van werksgeleenthede vir blankes en onderwyssegregasie was segregasiebeginsels wat reeds in Natal aanwesig was en later deel van die Nasionale Party se segregasiebeleid uitgemaak het.

In Transvaal en die Oranje-Vrystaat (1850-1910) het Afrikanernasionalisme 'n groot rol ten opsigte van segregasie gespeel. Dit bring 'n mens weer eens te staan voor die probleem van skeiding tussen 'n volk en 'n ras. Dit moet in gedagte gehou word dat in hierdie nuutgestigte Voortrekker-republieke die Afrikaners die leiding geneem het en hulself as blankes teenoor die swartes gestel het. Rassesegregasie maar ook segregasie op grond van kultuurdifferensiasie en volkskap het deel uitgemaak van die Voortrekker-republieke se beleid.

In die periode 1910-1949 was territoriale skeiding op grond van ras beslis deel van die organisasie van groepe in Suid-Afrika. Ander segregasiebeginsels wat reeds gedurende die periode aanwesig was, was instromingsbeheer, die siening dat swartes slegs besoekers aan blanke stede is, beskerming van blanke werkers, politieke segregasie en onderwyssegregasie. Afrikanernasionalisme het in 1948 weer eens sterk op die voorgrond getree. Die Afrikaner het nou die houding ingeneem dat hy in ooreenstemming met sy kultuur wil ontwikkel en dat die voorreg ook aan ander volksgroepe gegun moet word.

Onder leiding van dr. Verwoerd het segregasie vanaf 1950 tot 1966 as regeringsbeleid wetlik beslag gekry. Segregasie-beginsels wat tydens hierdie periode wetlik beslag gekry het, was territoriale skeiding, instromingsbeheer, swartes is slegs besoekers aan blanke stede, beskerming van werksgeleenthede vir blankes, politieke skeiding, selfbestuur en die voogdyskap-beginsel. Erkenning van etnisiteit is ook gedurende die periode beklemtoon.

Beraadslaging het in die periode 1967 tot 1984 deel van die regeringsbeleid geword. Die voogdyskapbeginsel, politieke apartheid, werksreservering en onderwyssegregasie was nog deel van die regeringsbeleid. Gebiedskeiding het nou uitgekristalliseer in tuislande met selfbestuur. Swartwerkers het meer permanente status in blanke stede verkry. 'n Meer verfynde vorm van apartheid het gedurende die periode sy verskyning gemaak.